# EUCHARISTIESE GEBED IV

As gevolg van die samestelling van hierdie Eucharistiese Gebed, wat 'n opsomming van die heilsgeskiedenis is, mag geen ander Prefasie hiermee saam gebruik word nie.

℣ Mag die Here met u wees.
℟ En met u gees.

℣ Verhef u harte.
℟ Ons verhef hulle tot die Here.

℣ Laat ons die Here ons God dank.
℟ Dit is paslik en reg.

Die Selebrant alleen

Dit is waarlik gepas om U te dank,
waarlik reg om U te verheerlik,
allerheilige Vader,
want U is die een lewende en ware God,
wat voor alle tye bestaan
en tot in ewigheid bly bestaan
en woon in ontoeganklike lig;
tog het U,
wat alleen goed is,
die bron van lewe,
alles geskep wat bestaan,
sodat U alles
wat u geskep het
met seëninge kan vervul
en vreugde aan menige van hulle bring
deur die heerlikheid van u lig.

En in u teenwoordigheid
is daar ontelbare engeleskare
wat U dag en nag dien,

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

en terwyl hulle die heerlikheid
van u aangesig aanskou,
verheerlik hulle U sonder ophou.

Saam met hulle bely ook ons
u naam in verheerliking,
en gee ons 'n stem
aan alle wesens onder die hemel,
terwyl ons uitroep:

Heilig, heilig, heilige Here,
God van die leërskare.
Die hemel en aarde is vol van u glorie.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.

## DIE SELEBRANT ALLEEN 2

MET HANDE UITGESTREK, SÊ DIE SELEBRANT:

Ons loof U, allerheilige Vader,
want groots is U,
en U het al u werke
met wysheid en liefde geskep.

U het die mens na u eie beeld gevorm
en die hele wêreld aan sy sorg toevertrou,
sodat hy,
deur U die Skepper alleen te dien,
oor alle wesens mag heers.

En toe hy
deur ongehoorsaamheid u vriendskap verbeur het,
het U hom nie
aan die heerskappy van die dood oorgelewer nie.

Want U het barmhartig almal tot hulp gekom
sodat die wat U soek, U sou kon vind.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Keer op keer het U hulle verbonde aangebied
en deur die profete geleer om verlossing te verwag.

Allerheilige Vader,
so lief het U die wêreld gehad,
dat U in die volheid van die tyd
u Eniggebore Seun gestuur het om ons Heiland te wees.

Vlees geword deur die Heilige Gees
en gebore uit die Maagd Maria,
was Hy gelyk aan ons,
in alles behalwe die sonde.

Aan die armes
het Hy die goeie nuus van verlossing verkondig,
aan gevangenes, vryheid,
en aan die bedroefdes van hart, vreugde.

Om u plan te volbring 3
het Hy Homself aan die dood oorgelewer,
en deur uit die dode op te staan,
het Hy die dood vernietig
en die lewe herstel.

En sodat ons
nie langer vir ons self moet lewe nie,
maar vir Hom wat gesterf het
en weer vir ons opgestaan het,
het Hy die Heilige Gees gestuur van U, Vader,
as die eerste opbrengste vir hulle wat glo,
sodat Hy
deur sy werk in die wêreld te volbring,
die skepping ten volle kon heilig.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR,
STREK HULLE OOR DIE OFFERGAWES UIT EN SÊ:

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Die Selebrant met alle mede-Selebrante

Daarom, Here, bid ons:
Mag hierdie selfde Heilige Gees
hierdie diensoffer genadiglik heilig,

Hy bring sy hande bymekaar, en maak die Kruisteken
eenkeer oor beide die brood en die kelk, terwyl hy bid:

dat dit vir ons die Liggaam en ✠ Bloed
van onse Here Jesus Christus mag word,

Hy bring sy hande bymekaar.

vir die viering van hierdie groot geheimenis
wat Hyself aan ons nagelaat het,
as 'n ewige verbond.

In die voorgeskrewe formulier wat volg, moet die woorde van die
Here **duidelik** en **helder** uitgespreek word, soos wat die aard van 4
hierdie woorde dit vereis.

Want toe die uur
vir Hom aangebreek het
om deur U, allerheilige Vader, verheerlik te word,
en terwyl Hy sy eie liefgehad het
wat in die wêreld was,
het Hy hulle tot die einde toe liefgehad:
En terwyl hulle by die Avondmaal was,

Hy neem die brood,
hef dit effens op en sê:

het Hy brood geneem en U gedank, dit gebreek,
en aan sy dissipels gegee en gesê:

Hy buig effens:

NEEM EN EET ALMAL HIERVAN,

WANT DIT IS MY LIGGAAM,

WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

HY TOON DIE GEWYDE HOSTIE AAN DIE GEMEENTE, PLAAS DIT OP DIE PATEEN EN MAAK AANBIDDEND 'N KNIEBUIGING.

DAN VERVOLG HY:

Met so ná die maaltyd

HY NEEM DIE KELK,
HEF DIT EFFENS BO DIE ALTAAR OP EN VERVOLG:

het Hy die kelk gevul met die vrug van die wynstok, geneem,
Hy het gedank en dit aan sy dissipels gegee en gesê:

HY BUIG EFFENS:

NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT,

WANT DIT IS DIE KELK VAN MY BLOED,

DIE BLOED VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND, 5

WAT VIR JULLE EN VIR MENIGE UITGESTORT SAL WORD

TOT VERGIFNIS VAN SONDES.

DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.

HY TOON DIE KELK AAN DIE GEMEENTE, PLAAS DIT OP DIE KORPORAAL EN MAAK AANBIDDEND 'N KNIEBUIGING.

DIE SELEBRANT ALLEEN

DAN SÊ HY:

Die geheimenis van die geloof.

WAAROP DIE GEMEENTE UITROEP:

Ons verkondig u Dood, o Here,
ons bely u Opstanding totdat U weer kom.

Of:

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

As ons hierdie Brood eet
en uit hierdie Beker drink,
verkondig ons u Dood, o Heer,
totdat U weer kom.

OF:

Redder van die wêreld red ons,
want deur u Kruis en Opstanding
het U ons vrygemaak.

MET HANDE UITGESTREK BID HY:

DIE SELEBRANT MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

Terwyl ons dan nou
die gedagtenis van ons verlossing vier, o Heer,
herroep ons Christus se Dood
en sy neerdaling na die doderyk,
verkondig ons sy Opstanding
en Hemelvaart na u regterhand,
en, terwyl ons wag op sy koms in heerlikheid,
offer ons U sy Liggaam en Bloed,
die offergawe wat vir U aanvaarbaar is
en die hele wêreld tot heil strek.

O Heer,
aanskou die Slagoffer
wat U Self aan u Kerk voorsien het,
en skenk in u goedertierenheid
aan almal wat aan hierdie een Brood en een Kelk deelneem,
dat hulle,
waar hulle deur die Heilige Gees
in een liggaam byeengebring is,
waarlik 'n lewende offerande in Christus mag word
tot lof van u heerlikheid

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT

Dink daarom Heer,
nou aan almal vir wie ons hierdie offerande bring:
Veral u dienaar *N.*, ons Pous,
*N.*, ons Biskop,
die hele Orde van Biskoppe
en almal wat u altaar bedien,
hulle wat aan hierdie offer deelneem,
hulle wat hier voor U byeen is,
u hele volk,
en almal wat U met 'n opregte hart soek.

Dink ook aan hulle
wat in die vrede van u Christus gesterf het
en al die ontslapenes,
wie se geloof slegs aan u bekend is.

DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT

Skenk aan ons almal, u kinders,
o barmhartige Vader,
toegang tot 'n hemelse erfdeel in u koninkryk
saam met die geseënde Maagd Maria, Moeder van God,
salige Josef, haar Eggenoot,
en u Apostels en Heiliges.
Mag ons,
saam met die hele skepping,
bevry van die bederf van sonde en dood,
U daar verheerlik, deur Christus onse Here,

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR:

deur Wie U alles wat goed is aan die wêreld skenk.

DIE SELEBRANT ALLEEN OF MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

HY NEEM DIE KELK EN PATEEN MET DIE HOSTIE DAAROP EN TERWYL HY DIT OMHOOG HOU, SÊ HY:

## FINALE DOKSOLOGIE

Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U God almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

DIE GEMEENTE ANTWOORD:

Amen.

HIEROP VOLG DIE KOMMUNIE-RITE

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.